

Gereformeerde Kerk Bellville – 25 Desember 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 89:2 (p. 444)

- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Gebed

Psalm 105:4, 5 (p. 515)

- 4 O volk uit Abraham gebore, / uit Jakob, deur God uitverkore;
o volk wat soveel guns geniet – / verhoog die HEER in sang en lied!
Hy 's onse God – 'n wêreldronde – vrees vir die oordeel van sy mond.
- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Skriflesing: Genesis 15:1-21; Heidelbergse Kategismus, Sondag 8:24

Kernvers: Genesis 15:17-18a

En ná sonder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n rokende oond en vurige fakkels tussen dié stukke vleis deur. Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit. (Genesis 15:17-18a AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Tema: In die evangelie belowe God Homself

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die gesprek tussen die gelowige en sy vriend wat aan hom die vrae stel het hulle al ver gevorder. Ter wille daarvan om weer op te vang in die gesprek – die vraagsteller is nie 'n gelowige nie. Die gelowige het aan hom vertel van die heerlike troos wat hy het omdat hy met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan Jesus Christus behoort. Dit was hierdie vertelling van die troos om aan Christus te behoort wat die vraagsteller gedring het om die een vraag na die ander te vra.

Die gelowige het met soveel oortuiging vanuit die Skrif aangetoon dat alle mense son-
daars is en daarom 'n middelaar en verlosser nodig het dat die vraagsteller agtergek-
om het dat hy ook 'n middelaar en verlosser nodig het. Die vraagsteller weet ook nou al teen
dié tyd dat nie enigiemand as middelaar en verlosser vir hom en ander mense kan optree
nie. Die Verlosser moet 'n ware, regverdige mens wees en tegelykertyd moet Hy ook ware
God wees.

Toe die vraagsteller verneem dat Jesus Christus hierdie enigste en volmaakte Verlosser is,
was hy baie bly en opgewonde. Jesus Christus is die enigste Een wat aan al die ver-eistes
voldoen om die Verlosser van mense te wees. Die gevolgtrekking waartoe die vraagsteller
gekome het, was dat hy dan mos nou nie meer 'n probleem het nie. Maar sy teleurstelling
was baie groot toe hy hoor dat alle mense nie deur Christus salig word soos wat hulle deur
Adam verlore gegaan het nie. Net die mense wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is
en aan al sy weldade deel het word salig gemaak.

Daarom het die vraagsteller sy vriend eers uitgevra oor hierdie ware geloof. Ware geloof is
die vasstaande kennis dat alles wat God in sy Woord openbaar die waarheid is en dit is
die vaste vertrouwe dat Jesus Christus wat in die Woord geopenbaar word ook die gelowige
verlos het sodat sy sondes vergewe is. Met hierdie antwoord het die ongelowige nog net
gehoor wat ware geloof is. Daarom wou hy weet wat 'n Christen dan moet glo. Die kort
antwoord op hierdie vraag is: 'n Christen moet God se beloftes in die evangelie glo.

Die ongelowige se oë het gerek toe hy die antwoord hoor, want hy ken regtig nie die Bybel
nie. Hoe gaan hy nou weet wat God alles in die evangelie belowe? Om sy vriend gerus te
stel het die gelowige verder gesê dat God se beloftes in hoofsaak in die Twaalf Artikels
geleer word. Die gelowige weet dat die Woord van die Here die belangrikste bron is om
die beloftes van God te leer ken. Maar as iemand nie die Bybel ken nie, sal die belydenis
in die Twaalf Artikels goeie handvatsels wees om die ongelowige in die Woord van die
Here in te lei sodat hy ook die beloftes van God kan leer ken.

Toe die gelowige gesê het hoe die Twaalf Artikels lui, het die ongelowige agtergekome dat
daar 'n patroon of 'n volorde in die Twaalf Artikels is. Daarom vra hy nou hoe hierdie
artikels ingedeel is. Vir die gelowige is dit maklik om hierdie vraag te beantwoord. Die
artikels bestaan uit drie dele: **Die eerste handel oor God die Vader en ons skepping;**
die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees
en ons heiligmaking.

Maar wag so 'n bietjie, sê die vraagsteller, jy het gesê dat 'n Christen die belofte van God
moet glo en dat hierdie beloftes saamgevat word in die Twaalf Artikels. Dit is reg, ant-
woord sy vriend. Ek het nou verwag dat jy my gaan vertel dat God iets belowe, soos
byvoorbeeld die ewige lewe, of belowe dat die Christen se sondes vergewe is. Maar jy sê
dan niks daarvan nie. Jy het my net vertel van God die Vader, die Seun en die Heilige
Gees. Dit is ook reg, want God belowe in die evangelie nie iets nie maar Homself. Kom ek
wys dit vir jou vanuit Genesis 15.

In Genesis 15 vertel die Heilige Gees vir ons hoe God sy verbond met Abram, die vader
van die gelowiges, gesluit het. In 'n sekere sin is 'n verbond baie soos 'n kontrak. En in die
Bybel lees ons op verskeie plekke van mense wat ook met mekaar verbonde gesluit het.
Maar in hierdie verbond wat God met Abram sluit, het ons nie maar net met 'n kontrak te
doen nie. Hier word nie maar net bloot beloftes gemaak van wat God vir Abram sal doen
en Abram vir die Here sal doen nie. As God sy verbond sluit, gee Hy baie meer as wat
selfs Abram verwag het.

Toe die Here vir Abram uit Ur geroep het, het Hy belowe dat Abram 'n nageslag sou hê en dat hulle 'n land sal hê om in te woon. Die Here het nou met die sterre as 'n teken aan Abram bevestig dat sy nageslag inderdaad ontelbaar sal wees.

Maar die Here het nie daar opgehou nie. Hy weet immers dat Abram nie net oor die beloofde nageslag bekommerd was nie. Abram wou ook seker wees dat sy nageslag 'n blyplek op die aarde sou hê. Abram bly nou al vir agt of nege jaar as 'n vreemdeling in 'n tent in die land wat die Here belowe het om aan hom en sy nageslag te gee. Tot dusver is Abram se verblyf in Kanaän nog maar net verseker met die verdrag wat die drie Amoritiese broers, Mamre, Eskol en Aner, met hom gesluit het. Hulle is mense wat gaan sterf en watter sekerheid gaan Abram dan hê. Wanneer ons die dinge so beskou, kan ons Abram se kommer begryp wat ook in sy woorde oor die land duidelik word.

Die Here wil egter alle onduidelikheid oor die beloftes van die nageslag en die land by Abram wegneem, sodat hy homself kan oefen in die suiwer geloof. Daarom gaan die Here ook voort om oor die beloofde land te praat. Dit is nou al die derde keer dat die Here aan Abram sê dat sy nageslag hierdie land sal besit. Die vorige twee kere het Abram elke keer 'n altaar gebou. Daarmee het hy bely dat die land aan die Here behoort en die Here dit belowe as 'n besitting aan sy nageslag. As die Here vir die derde keer die belofte maak, bou Abram nie 'n altaar nie, maar hy vra:

Here HERE, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?
(Genesis 15:8 AFR53)

Abram trek nie die Here se woord in twyfel nie. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees glo Abram in die Here en hy weet dat die Here betroubaar is. Abram vra die vraag, want hy soek 'n teken om sy geloof in die Here en in die Here se woord te verseël. In die Nuwe Testament het die Here ook tekens gegee waarmee Hy die gelowiges se geloof in Hom verseël. Die teken van water by die doop en die tekens van brood en wyn by die nagmaal is die tekens waarmee die Heilige Gees Christene se geloof in Jesus Christus verseël en versterk.

Die Here antwoord Abram nie dadelik op sy vraag nie. Hy beveel hom slegs om 'n vers, 'n bok en 'n skaapram – elkeen drie jaar oud – saam met 'n tortelduif en 'n jong duif te bring. Abram gehoorsaam die Here en op die woord van die Here handel hy met die diere ook soos wat die Here sê. Hy sny die diere middeldeur en plaas elke helfte teenoor die ander helfte. En die voëls het hy net so heel by die ander stukke vleis neergesit.

Abram het presies geweet wat gebeur in sy wêreld wanneer diere so middeldeur gesny word. Mense sluit so 'n verbond met mekaar. 'n Dier is geslag en in die middel deurgesny. Daarna het hulle die ooreenkoms wat hulle met mekaar aangaan vir mekaar gesê. Elkeen het belowe wat hy vir die ander persoon sal doen. Daarna het hulle al twee tussen die twee helftes van die geslagte dier deur geloop. Hierdie loop tussen die twee helftes deur is soos wat ons ons handtekening op 'n kontrak maak en belowe ons sal doen wat daar geskryf staan.

Maar in die tyd van Abram het die deurloop tussen die twee helftes ook nog 'n dreigement vir die twee partye ingehou. As een van hulle die ooreenkoms sou verbreek, sê hy met sy deurloop dat daar met hom gemaak kan word wat met die dier gebeur het. Hy kan dan maar doodgemaak en in stukke opgesny word.

Toe dit al sterk skemer was, het die Here 'n diepe slaap oor Abram laat kom. Angs en 'n groot duisternis het hom oorweldig, want die Here, met sy Goddelike majesteit beklee,

buig Homself neer tot binne-in die wêreld van mense in. Dan maak die Here aan hom bekend dat nie net hy nie, maar ook sy nageslag, nog vir baie lank vreemdelinge sal wees. Abram kry hier nog 'n keer die versekering dat hy 'n nageslag sal hê. Die nageslag se vreemdelingskap sal nog erger wees. Hulle sal verdruk word en ly as slawe in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Na vier honderd jaar in die ander land sal die Here hulle na hierdie land terugbring om dit te besit. Na vier honderd jaar as vreemdelinge sal die genadetyd vir Kanaän eers verby wees.

Na hierdie openbaring het die Here in die donkerte van die nag die teken gegee waarvoor Abram gevra het. In hierdie stadium moes Abram seker weer uit die diepe slaap gekom het, want toe dit donker was, het hy gesien hoe daar skielik 'n oond wat rook en 'n fakkel wat brand tussen die stukke vleis deur gaan. En die Heilige Gees skryf: Op daardie dag het God 'n verbond met Abram gesluit.

Die oond wat rook en die fakkel wat brand, is tekens van God se magtige teenwoordigheid. Dat hierdie tekens van God se teenwoordigheid alleen tussen die stukke vleis deur gegaan het, is vir Abram en en sy nageslag 'n groot troos. God alleen maak die beloftes. Die beloftes wat Hy maak is nie karig en effentjies nie. Sy Goddelike liefde vir die mens is oorvloedig en dit wat Hy belowe is oorvloedig. God neem op Homself die plig om die beloofde land aan Abram se nageslag te gee. En in antwoord hierop moet Abram en sy nageslag in die Here glo en Hom gehoorsaam dien en liefhê.

Die land is egter nie al wat God in die verbond belowe het nie. Wanneer God so vyftien sestien jaar later weer oor die verbond met Abram en sy nageslag praat (ons lees daarvan in Genesis 17), hoor ons duidelik wat die eintlike inhoud van die verbond is. God sê dan:

En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. (Genesis 17:7 AFR53)

God self, sy guns en sy gemeenskap met die mens is die eintlike inhoud van die verbond.

Wanneer die Here sy verbond met Abram en sy nageslag sluit, gee die Here Homself aan sy mense. En die Here gee nie effentjies of maar net halfpad nie. Hy alleen gee Homself volledig aan sy mense. Let weer op, Abram het nie tussen die stukke van die diere heen gegaan nie. God alleen het daartussen deur gegaan. Toe God tussen die stukke van die diere deurgegaan het, het Hy nie net die plig op Hom geneem om die beloofde land aan Abram en sy nageslag te gee nie. Hy het ook die plig op Hom geneem om die verbond tussen Hom en die gelowige nageslag van Abram te onderhou. Ja, selfs die dreigement om gestraf te word wanneer hierdie verbond verbreek word, het God op Homself geneem.

Abram se nageslag, so sien ons dwarsdeur die Ou Testament, het nie altyd die guns en liefde van die Here met geloof en gehoorsaamheid beantwoord nie. Hulle het die verbond verbreek met hulle ongeloof en tog het hulle hulle op die genade en verbondsliefde van die Here beroep. Die pad van die verbondsbreker is die dood. En dit is nie net die pad van hulle wat deur die latere ballingskap tot niet gegaan het nie. Ook die oorblyfsel van Israel wat nog in die Here geglo het, moes hierdie pad gaan. Elke mens verdien om op die pad van die dood te wees weens sy hardnekkige ongehoorsaamheid.

Maar God het die verbondspilte op Homself geneem toe Hy die verbond gesluit het. Hy het alleen tussen die stukke vleis deur gegaan. Hy het Homself toe al volledig aan sy mense gegee. En in Jesus Christus sien ons dit gebeur. Dit wat die God die Vader onderneem het, kom voer die Seun van God uit. Hy neem mense se verbondsbreuk op Homself

en gaan in hulle plek op die pad van die dood. Die skuld van die verbondsbreuk word deur Jesus se bloed van ons weggewas. En daarby gee die Vader en die Seun ook nog die Heilige Gees om mense in die herstelde verhouding met God te begelei. God gee Homself inderdaad volledig aan sy mense wanneer Hy sy verbond met hulle sluit.

Ons almagtige God het Homself diep neergebuig in ons wêreld in en op 'n eg menslike wyse sy verbond met Abram en sy nageslag gesluit. Met elkeen van ons het God hierdie einste verbond bevestig die dag toe ons gedoop is. En in ons doopsformulier hoor ons hoe God Homself aan sy mense beloof:

- *As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik.*
- *En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons in sy bloed so van al ons sondes was – waarmee Hy ons in sy dood en opstanding inlyf – dat ons van ons sondes bevry en voor God regverdig gereken word.*
- *Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.*

God belowe Homself aan mense in die evangelie. En van Sondag 9 tot 22 gaan die gelowige aan sy vriend vertel watter troos dit vir hom is dat God Homself so aan hom belowe het. Die gelowige se enigste reaksie op hierdie belofte is om homself ook geheel en al aan sy God toe te wy.

Amen!

Slotgebed

Psalm 105:22, 23 (p 519)

- 22 Hy het hul daaglik begenadig, / met manna, hemelbrood, versadig;
Hy het die rots vir hul ontsluit / en waters vloei oorvloedig uit;
'n stroom spoel oor die dorre land / waarop die son se vlamme brand.
- 23 God het gedink, uit welbehae, / aan sy verbond uit vroeër dae:
aan wat aan Abraham, sy kneg, / in vrye guns was toegeseg.
So het die HEER uit slawerny / sy volk met blydschap uitgelei.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
25 Desember 2016